Ps. 33: 1, 2.
Ps. 118: 10, 11.

# Lewende Stene

Roosp.-Nd. 10.11.56.

1 Petr. 2: 1-10

1 Petr. 2: 5 - En laat julle ook soos lewende stene opbou.

Die hoeksteenlegging van 'n Godshuis is 'n gebeurtenis van groot belang vir elke gemeente. Daarmee word 'n kragtige getuienis gelewer van groei in d. gemeente, & van geloof - omdat dit gewoonlik meebring dat 'n groot skuld aangegaan word met d. vaste vertroue dat God d. gemeente sal instaat stel om dit te delg. En veral vir 'n gemeente wat vir jare van 'n saal moes gebruik maak vir sy eredienste is so 'n stap 'n onvergeetlike omdat baie gou ondervind word dat daar 'n nuwe atmosfeer by d. aanbidding in 'n Godsgebou bestaan wat 'n saal nooit kan gee nie. Dat Christus het gesê: „Waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek onder hulle" en van d. heerlike waarheid mag en wil ons nie 'n stuk afdoen nie, maar terselfdertyd ook die ondervinding van talle gemeentes bevestig dat 'n kerkgebou 'n atmosfeer van wyding, van aanbidding skep wat 'n ander gebou nooit kan gee nie.

Daarom het elke gemeente seker die reg - en die plig - om te sorg vir 'n doelmatige Godshuis waarvan die voorkoms en inrigting sal strek tot eer van God en van sy heilige Naam.

Maar nooit mag 'n gemeente of 'n kerkorganisasie vergeet dat d. oprigting van so 'n Godshuis nooit 'n doel op sigself mag word nie - dat dit alleen d. kanaal moet wees waardeur d. werklike doel, deur God vir elke gemeente en kerk gestel, bereik word nl: „Laat julle ook soos lewende stene opbou"

Ons let dan op hd. opdrag v.d. Here en wys daarop dat alle bouwerk in Gods Koninkryk:

I Geestelik van Aard is II Groeiend in omvang is
III Godswerk is.

I <u>Alle ~~Kerk~~ Blyw. Bouwerk moet Geestelike Werk wees:</u> Baie duidelik stel Petrus dit in vs. 5: „Laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, om geestel. offers te bring." Die tyd waarin ons lewe is by uitstek 'n materialistiese tyd, 'n tyd waarin die maatstaf vir sukses of mislukking gevind word in die hoeveelheid van ~~stoflik~~ tydel. dinge, in stoflike bydraes of uitkoms. ~~Ka~~ Duisende mense bepaal ook d. waarde van 'n mens se lewe volg. sy <u>bankreke-ning</u> of d. ~~omgewing~~ buurt of woonstad waarin hy woon of d. <u>beroep</u> wat hy beoefen. Na d. persoon se innerlike waarde, sy karaktervorming; sy geestel. diepte of vlakheid word óf gladnie of laaste gevra.

Hd. verskuiwing van lewenswaardes het ook d. afgelope jare onder ons as Afrikaners plaasgevind. By ons ou Boerevolk was daar 'n baie suiwere siening van 'n mens se inn. waarde, sy waarde as mens. Die stoflike voorspoed v.d. afgelope jare het by talle v. ons Afrikaners 'n valse maatstaf gebring van sukses of mislukking wat ook d. geestel. lewe van ons lidmate baie diep be-invloed het. Ons sien dit bv. daarin dat 'n gemeente kans sien om 'n kerk vir £60–£70,000 op te rig; 'n pastorie vir £12–14 duisend pond te bou – maar van hoeveel gemeentes hoor ons wat ernst. somme bymekaarmaak en opsy sit vir geest. werk soos evangelisasie, sending ens.? Is dit nie waar dat daar duisende lidmate gevind sal word wat met graagte £100 of £1000 sal gee vir d. oprigting van 'n kerkgebou wat nooit sal droom om 'n ernst. som met dies. blymoedigheid en offervaardigheid af te sonder vir direkte geestel. werk soos Bybelverspreiding, intensiewe geest. bearbeiding? ~~Moet~~ Het dit nie nodig geword dat ons weer 'n nuwe herwaardering moet kweek by ons lidmate – ~~die~~

Bybelwaarheid herontdek: wat swaarste is moet swaarste weeg?

Ons moet onder oënhou: ons lewe nie in tyd van groot geestel. nood – duisende mense wat lewe in geestel. duisternis, in onkunde, in twyfel, wanhoop. Wees hd. toestand bring 'n noodroep a.d. kerk: Wees op geestel. taak met hemelse ywer en toewyding te aanvaar! Heerlike sorg, pers. arbeid, kragtige Evang.-aksie!

II <u>As ons Bouwerk Blyw. is moet dit 'n Groeiende Werk Wees:</u> Ons wys u op die belangr. 2 woorde in ons teks: „<u>lewende</u>" stene en „<u>opbou</u>", wat ons herinner a.d. waarh. dat alle ~~blyw~~ bouwerk in Gods ryk kan. alleen blywend is waar daar <u>lewe</u> is, <u>groei</u>, <u>opbou</u> – soos geopenbaar [in 'n ywer sendingaksie,] in 'n kragtige vermeerdering v.d. lewe en lidmaat-tal van 'n kerk. En op geen gebied bewys 'n kerk beter en suiwerder dat dit 'n groeiende kerk is as op d. gebied v.d. sending. Dlam: as ~~waar hy sendel~~ 'n kerk waarlik kerk is, sal hy hom uitermate verheug by elke nuwe veld wat oopgaan, elke nuwe arbeider wat toetree, elke nuwe sendingbeweging wat ontstaan.

– Wat ons <u>vandag in ons kerk (Tel) beleef</u>:
① sê geopen vir nuwe velde aan ons deure
② stroom v arbeiders uit d. Moederkerk
③ aanbiedinge v gelowiges (man in Vanderbylpark and'r in Pta

– <u>Ons reaksie</u>: ①

② Sit verleë daarmee: in seker sin opgeskeep – God is vir ons te vinnig – of moet ons sê ons is te ver agter Gods plan?
③ Sien dit as las, hindernis.

Wat nodig:

(1) Ruimer visie van Gods plan en daad

(2) Groot geloofsdaad: al ons sigbare
bouwerk tuis (Kerke ens.) saam met onsig-
bare bouwerk op